



Liewe Ouers

'n Baie besige kwartaal lê op sy rug en die eksamen is op ons! Die graad 10- tot 12-leerders begin reeds eerskomende Maandag, 1 Junie met eksamen en die graad 8- en 9-leerders op 8 Junie. Die matrikulante skryf by die koshuis en die res van ons leerders by die skool.

Graag bring ons die volgende onder u aandag:

- Leerders meld om 07:30 aan.
- Leerders mag gedurende die eksamen met 'n volledige sweetpak eksamen skryf. Indien enige kleredragreëls oortree word, sal 'n leerder hierdie voorreg verloor.
- Indien 'n leerder tydens die eksamen afwesig is, moet hy/sy 'n mediese sertifikaat inhandig.
- Indien 'n leerder laat vir die eksamen opdaag, verbeur hy/sy die tyd wat hy/sy laat was. Geen ekstra tyd sal gegee word nie.
- Ons skryf in baie vakke provinsiale- of streekvraestelle. Vraestelle kan dus nie op 'n ander datum as die geskeduleerde datum, geskryf word nie.

Die graad 8- en 9-leerders het volgende week normaal skool. Daar is baie vakke waar die sillabusse nog nie afgehandel is nie. Sommige vakke is ook besig met laaste assesserings. Die skooldag sal 07:30 begin en om 12:30 verdaag. Leerders moet die volgende vakke se boeke vir Maandag bring:

Graad 8: NW (Fisiese- en Lewenswetenskappe)
Wiskunde
KK
Afrikaans

Graad 9: NW (Fisiese- en Lewenswetenskappe)
Wiskunde
EBW (Besigheidstudies)
Afrikaans

Leerders sal Maandag die rooster vir die res van die week ontvang.

LET WEL: Daar sal Vrydag GEEN skool a.g.v. die kosverkope wees nie.

'n Groot bekommernis is steeds die hoeveelheid leerders wat daaglik afwesig is. Die afwesigheidsbeleid sê duidelik dat die skool teen 08:00 in kennis gestel moet word van die rede vir u kind se afwesigheid. Ons doen 'n DRINGENDE beroep op u om ons hande te vat en ons in hierdie verband te ondersteun. Dit is 'n onmoontlike taak om ons leerders vir 'n komende eksamen voor te berei indien hulle nie by die skool is nie.

Ons wil ook 'n beroep op u doen om nie u kind tydens die skooldag uit te teken nie. Dit is baie ontwrigtend vir die personeel, asook u kind.

WINTERSPORT: UITSLAE

RUGBY

HSH vs. Bultfontein

- o.15 verloor 21 – 27
- o.16 speel gelykop 12 – 12

Die eerste span se wedstryd is uitgestel na 'n latere datum.

HSH vs. North High School, Kroonstad

- o.15 wen 44 – 0
- 1stes wen 47 – 0

Ons eerste span speel Saterdag teen Hoopstad weg. Baie sterkte aan hierdie seuns!

NETBAL

HSH vs. Hoërskool Theunissen

- o.19A wen 45 – 24
- o.14A wen 12 – 2
- o.19B wen 23 – 0

HSH vs. Thotagauta Secondary School

- o.19A wen 51 – 10
- o.14A verloor 2 – 12 (vriendskaplik teen o.15's)

Ons eerste netbalspan het ongelukkig in die uitspeelrondes teen St. Dominic's verloor.

HOKKIE

1ste seuns

- wen 4 – 0 teen Welkom Gimnasium o.19B
- wen 1 – 0 teen St. Andrew's o.19B
- wen 1 – 3 teen Goudveld o.14A
- speel gelykop 0 – 0 teen Welkom Sekondêr o.19A

1ste meisies

- wen 3 – 0 teen Gimnasium o.19B
- verloor 1 – 3 teen Goudveld o.19A
- speel gelykop 1 – 1 teen Welkom Sekondêr o.19A
- verloor 1 – 3 teen Gimnasium o.19A
- wen 3 – 0 teen Wessel Maree
- verloor 0 – 1 teen Bothaville o.19A

o.19B-meisies

- speel gelykop 2 – 2 teen St. Andrew's o.19B.
- verloor 1 – 3 teen Goudveld o.19C
- wen 3 – 0 teen Welkom Sekondêr o.19B
- wen 4 – 0 teen Gimnasium o.19C
- verloor 0 – 2 teen Bothaville o.19B

DANS

Monique Venter, Khloé Marshall en Timea Venter het verlede naweek aan die Provinsiale DTMA-danskompetisie deelgeneem. Monique behaal 84,4% in die Jazz groepdans. Khloé behaal 81,7% in haar Kontemporêre solo en 84,4% in die Jazz groepdans. Timea behaal 'n derde plek in HipHop en 85,5% in die groepdans.

Al drie hierdie leerders verwerf hulle Vrystaat kleure en kwalifiseer om aan die DTMA Nasionale danskompetisie in September te gaan deelneem.

Baie sterkte! Ons is baie trots op julle.

ATKV-REDENAARS

Sumandri Jacobs het na die semi-finale ronde van die ATKV Redenaarskompetisie deurgedring. Baie geluk!

STREEK- OF PROVINSIALE SPANNE

Die volgende leerders is in streek- of provinsiale spanne ingesluit:

Netbal

Boitumelo Mbombo	Lejweleputswa o.17.
Retshidi Ramochela	Lejweleputswa o.17
Mieke Greyling	Lejweleputswa o.16

Rugby

Louwaldi van Biljon	Griffons Platteland o.14
Armand Jordaan	Sandveld o.19
Dilyn Claassens	Sandveld o.16
Alfranko Steyn	Sandveld o.16

Baie geluk aan hierdie leerders. Ons is baie trots op julle!

MATJHABENG JUNIOR STADSRAAD

Die volgende leerders is deel van die Matjhabeng Junior Stadsraad:

- | | |
|---------------------|--------------------|
| • Tshidiso Dhlamini | Alannah Dexter |
| • Veronica Gavril | Miné van der Merwe |
| • Ruan Heins | Dané Rossouw |
| • Justin de Lange | Hendrik Myburgh |

Mag hierdie geleentheid vir julle van onskatbare waarde wees!

BOOGSKIET: KROONSTAD KOMPETISIE

Malika Reyneke het 'n brons en 'n silwer medalje vir graad 9 (seuns en dogters gekombineerd) asook 'n silwer medalje algeheel vir hoërskole dogters, behaal. Baie geluk – ons is trots op jou!

LANDLOOP

Die landloop neem Vrydag, 29 Mei aan liga 4 deel. Baie sterkte aan al ons atlete!

Daar sal Vrydag GEEN skool a.g.v. die kosverkope wees nie. Leerders moet hierdie dag gebruik om vir die eksamen voor te berei.

**Vriendelike groete
Brenda Hoffman**